# Genade en geloof

Uit genade is jy gered,
uit geloof en nie deur werke nie,
maar moenie dat geloof 'n werk word nie,
want genade is nog steeds genoeg.
- Francois Jordaan -

Geloof vorm een van die kernwaarhede van die Christen se bestaan. Paulus omskryf die belangriheid van geloof as volg:

> *Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe* (Romeine 1:16-17 AOV).

Dit is die Christen-gelowige se verantwoordelikheid om aan die Evangelie van Jesus Christus te glo, om te glo dat Jesus in ons plek aan die kruis gesterf het sodat ons vergifnis van sondes kan ontvang. Dit is 'n persoonlike besluit wat geneem moet word. Nie een van ons kan egter enigiets verdien deur ons geloof of die regte besluite wat ons geneem het nie, want God se genade is groter as ons geloof. Dit is in die eerste instansie nie die krag of die uitnemendheid van ons geloof wat tel nie, maar die Een op wie ons geloof gerig is. Ook geloof kan as 'n gawe van God gesien word. In bogenoemde teks praat Paulus van "uit geloof tot geloof," met ander woorde, van geloof wat tot groter geloof lei. Die Heilige Gees inisieer nie net ons geloof nie, maar onderskraag dit ook.